

## **Brief 19**

Kennisgewing aan derde party oor besluit van Inligtingsbeampte - Artikel 49

Verw. no. : **Inrigting se briefhoof**

Navrae :

### **KENNISGEWING VAN BESLUIT OOR VERLENING VAN TOEGANG AAN 'N DERDE PARTY INGEVOLGE ARTIKEL 49 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)**

Ek verwys na my \*eendersgenommerde brief gedateer \_\_\_\_\_ in bogemelde verband.

U word hiermee ingevolge artikel 49(3)(a) van bogemelde Wet in kennis gestel dat hierdie inrigting besluit het om **toegang** tot die inligting wat versoek is, aan die betrokke versoeker, mnr/me \_\_\_\_\_, te verleen.

Dié versoek is om die volgende rede(s) toegestaan:

\_\_\_\_\_

Die volgende artikels van bogemelde Wet het op die toestaan van inligting betrekking:

\_\_\_\_\_

#### **Reg tot appèl**

Ingevolge artikel 49(3)(b) van bogemelde Wet kan u 'n interne appèl teen die besluit van die Inligtingsbeampte aanteken. Indien u wil appelleer, sal u die interne appèl ingevolge die bepalings van artikel 74 van bogemelde Wet aan die Tersaaklike Owerheid (Hoof: Onderwys, Wes-Kaap Onderwysdepartement) moet rig.

Ingevolge die bepalings van artikel 75 van bogemelde Wet, moet die interne appèl binne 30 dae op die aangehegte voorgeskrewe interne appèlvorm (VORM C) by die Inligtingsbeampte van hierdie inrigting afgelewer of aan hom of haar gestuur word.

Adres: Persoonlik afgelewer by : \_\_\_\_\_  
Gepos aan : \_\_\_\_\_  
Faksnommer : \_\_\_\_\_  
E-posadres : \_\_\_\_\_

Indien u nie tevrede is nie nadat die interne appèlprosedure uitgeput is, kan u deur middel van 'n aansoek binne 30 dae by 'n hof om paslike regshulp aansoek doen.

Voorts word u in kennis gestel dat die versoeker toegang tot die rekord verleen sal word na die verstryking van die bogenoemde tydperk van 30 dae, indien u nie 'n interne appèl tydens hierdie tydperk indien nie.

**ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE**

**DATUM:**

\*Dit is die datum van brief 18 waarin 3de party aanvanklik kennis gegee is.